

In my rubriek verlede Sondag (“Aftrede – hoeveel is genoeg?”) het ek met syfers gewys op die fout wat mense kan maak deur vroeg af te tree.

Ek wil dit vandag verder voer met werklike kwotasies vir ’n lewenslange pensioen en die finansiële gevolge vir die toekoms as jy net tien of vyf jaar vroeër sou aftree. Onthou my stelling van verlede week: Jy wil nie dat jou geld voor jou doodgaan nie.

Kom ons begin met kortliks net ’n opsomming van die feite ter sake. Ons het drie skoolmaats, onderskeidelik A, B en C. Almal begin terselfdertyd werk en al drie se salarisse styg ewe veel en hul aftreefondsbydraes is eweneens gelyk as ’n persentasie van salaris. Die groei op hul beleggings is deurentyd dieselfde.

Sonder om alles te herhaal, A tree af

op 55 met ’n aftrekapitaal van R5 753 496, waarmee hy ’n pensioen moet aankoop. B tree op 60 af (net vyf jaar later) met R9 999 761 en C op 65 met R17 133 929. Ruweg dus, deur net

Aftrede – soms is genoeg nie genoeg

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

vyf jaar langer te werk, verdubbel jou aftrekapitaal. As dit nie mense se oë oopmaak teen vroeë aftrede nie, gaan niks dit doen nie.

Maar kom ons voer nietemin die argument verder. Jy moet genoeg geld hê om te hou tot afsterwe. Ek het ook lewensverwachting genoem verlede week, byvoorbeeld op 55 is ’n man se lewensverwachting nog 22 jaar en op 65 nog 14 jaar.

Wat my bring by die eerste probleem. As jy jou aftrede beplan rondom statistiese lewensverwachting gaan jy jouself in die voet skiet. As jy ’n een-

voudige aftreksom probeer doen, sal jy sien tussen die 22 jaar lewensverwachting vir ’n 55-jarige en die 14 jaar lewensverwachting vir ’n 65-jarige is reeds nog twee jaar se lewe “bygevoeg”.

Op 79 jaar (65 jaar oud plus die lewensverwachting van 14 jaar) kom nog ses jaar lewensverwachting by. Nou kan jy 85 word. Maar op 85 is jou lewensverwachting nog vier jaar. Nou is jy al 91 jaar oud. Ensovoorts.

Kortom, jy moet beplan vir veel langer as jou lewensverwachting op ’n gegewe ouderdom. Ek meen tot 90 is min of meer in die kol.

Goed, kom ons kyk nou na ons drie skoolmaats se pensioeninkomste ná hul onderskeie aftrede. Ek kyk na ’n gewaarborgde lewenslange pensioen vir elkeen met kapitaal (die oorspronklike beleggingsbedrag) terugbetaalbaar aan ’n begunstigde by dood.

A wat op 55 aftree, kan ’n pensioen van R19 586 per maand aankoop met sy geld, B wat op 65 aftree kan ’n pensioen van R32 393 per maand aankoop en C op 65 jaar ’n pensioen van R51 199 per maand. (Die syfers is van een versekeraar met wie ons werk en die bedrag bly dieselfde lewenslank.)

En nou die inflasiemonster. A se pensioen teen die tyd dat hy 65 jaar oud is se koopkrag (inflasie 5%) is afgewater tot R12 024 per maand. Dit is wanneer C begin met ’n pensioen van R51 199 per maand.

Dit is die syfer waarna jy moet kyk, nie of jy genoeg het om van te leef op 55 jaar oud nie.

Teen ouderdom 85 het A die koopkrag van R4 532, terwyl C (wat net tien jaar langer gewerk het) nog R19 296 in vandag se waarde kry, dieselfde randwaarde as waarmee A begin het.

■ **Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**